Oude Westhof
Retirement Village • Aftree-oord

**VERSLAG VAN DIE TRUSTEES VAN DIE SAKE VAN DIE OUDE WESTHOF OORD BESTUURSVERENIGING ("die Bestuursvereniging") VIR DIE PERIODE 1 MAART 2025 TOT 28 FEBRUARIE 2026**

---

## INLEIDING

Hierdie verslag word ingevolge Klousule 28(5) van die Grondwet aan lede vir oorweging voorgelê.

Die werksaamhede, pligte en bevoegdhede van die Bestuursvereniging word behoudens die bepalings van die Deeltitelskemasbestuurswet, 2011 (Wet Nr. 8 van 2011), die Grondwet van die Bestuursvereniging en enige beperkinge opgelê of opdragte gegee by 'n Algemene Jaarvergadering, uitgeoefen en uitgevoer deur Trustees wat kragtens die Grondwet aangestel is.

## RAAD VAN TRUSTEES

Die volgende persone het gedurende die verslagperiode as Trustees gedien:

| NAME | WYSIGINGS |
|---|---|
| Mnr WF van der Merwe | (Voorsitter) |
| Mnr F Vleggaar | (Onder-Voorsitter) |
| Mnr DL Ball | |
| Me C Eksteen | |
| Mnr C Heyns | |
| Mnr HW Hurter | |
| Mnr NC Müller | |
| Me E Myburg | |
| Mnr JJ Rousseau | (Bedank 25 Junie 2025) |
| Me M Rademeyer | (Nuutverkose 25 Junie 2025) |
| Mnr GPJ Strydom | |
| Mnr BK Wehrle | |

## SUBKOMITEES

Die Grondwet magtig die Raad van Trustees om ingevolge Klousule 17(2)(c) van die Grondwet subkomitees te vorm vir die oorweging van spesifieke aangeleenthede met die voorbehoud dat sodanige subkomitees nie die bevoegdheid sal hê om die Bestuursvereniging in reg te bind nie, of om besluite te neem nie, maar in elke geval moet aanbevelings verwys word na die Raad van Trustees, by elke daaropvolgende Raadsvergadering.

Die Raad funksioneer tans met drie (3) Subkomitees, te wete:

- Finansiële Komitee onder voorsitterskap van mnr Frits Vleggaar
- Onderhoud-, Tuin- en Sekuriteitskomitee onder voorsitterskap van mnr Gert Strydom
- Spysenieringskomitee onder voorsitterskap van mnr Chris Heyns

Die subkomitees is saamgestel uit lede van die Raad van Trustees, wat aangevul word deur inwoners wat bereid is om diens aan die Oord te lewer.

Die lede wat gedurende die verslagperiode op die subkomitees gedien het, is soos volg:

**1. FINANSIES**

Frits Vleggaar: Voorsitter
Chris Heyns
Hennie Hurter
Nick Müller
Estelle Myburg
Ferdie van der Merwe
Bruno Wehrle
Gerhard van der Merwe - Bestuurder

**2. ONDERHOUD-, TUIN- EN SEKURITEITSKOMITEE**

Gert Strydom: Voorsitter
David Ball
Elza Beekman
Allan Birkett – Nutsvoorman
Corneil Eksteen
Donovan Hewitt - Tuinvoorman
Chris Heyns
Hennie Hurter
Maretha Rademeyer
Ferdie van der Merwe
Gerhard van der Merwe - Bestuurder

**3. SPYSENIERING**

Chris Heyns: Voorsitter
Laetitia Adonis – Senior Eetkamerpersoneel
Lorette Brink – WPC
Vanessa Edwards-Stoman: Kombuisbestuurder
Ina Prevedello – Verpleegbestuurder
Ferdie van der Merwe
Gerhard van der Merwe – Bestuurder

Aan voormelde subkomiteelede 'n woord van waardering vir die waardevolle insette wat elkeen gelewer het om die bestuur van die Oord te vergemaklik. Dit is reeds 'n instelling dat die subkomitees maandeliks vergader, gewoonlik in die week wat die maandelikse Trusteevergaderings voorafgaan. Die notules van die subkomitees word by die Trusteevergaderings ter tafel gelê en voorstelle of aanbevelings word gedebatteer en besluite geneem.

Die Raad bestuur die Sorgsentrum deur die Direksie van die Maatskappy, OWOBV (EDMS) BPK

**DIREKSIE VAN OWOBV (Pty)Ltd**
Hennie Hurter (Voorsitter)
Chris Heyns
Ferdie van der Merwe
Frits Vleggaar
Bruno Wehrle
Gerhard van der Merwe – Maatskappy Sekretaris

**Verslae**

**FINANSIES**

**Resultate vir die jaar tot 28 Februarie 2026.**

Bevredigende resultate word gerapporteer:

1 Bedryfsinkomste: Totale bedryfsinkomste het R13 481 494 beloop, effens beter as die begrote R13 313 346.

2 Bedryfsuitgawe: Totale uitgawes het R17 416 695 beloop, so R1/2 miljoen of 2.9% onder die begroting van R17 298 495.

928

Die hoof-areas van oor en onderspandering was instandhouding (R425K onder) en salarisse R291K onder. Alhoewel daar nog steeds enkele ander areas van oorspandering was, was dit egter beperk. Die Spesiale Projekte het R137,635 beloop teenoor 'n begroting van R185 100.

3 Bedryfstekort: Die bedryfstekort was R3 935 201 voor ander inkomste. Daar moet kennis geneem word dat dit R680K beter is as die begrote bedrag.

4 Ander inkomste en Belasting: Ander inkomste bestaande uit uittreeheffings (R3 917 320), ander inkomste (R12 000), rente ontvang (R1 302 098) en belasting (R326 967) het in totaal R4 904 451 bedra.

5 Netto Surplus: Na belasting het die netto surplus R969 250 bedra.

6 Administratiewe Fonds: Hierdie fonds bestaan uit die balans van alle inkomste, minus uitgawes en die balans op jaareinde het R11 437 239 bedra.

7 Reserwefonds: Hierdie fonds mag gebruik word vir buitengewone (groot) onderhoudsuitgawes en mag, soos benodig, uit die Administratiewe Fonds aangevul word. Die fonds se balans staan op R6 472 424, wat binne die voorgeskrewe perke is.

8 Aanwending van Fondse: Die Administratiewe Fonds surplus, plus die Reserwefonds op jaareinde, word vir die Sorgsentrumlening se tekort van R732 214 aangewend, terwyl die balans in rentedraende rekeningdeposito's van ongeveer R16 miljoen gehou word.

9 Uittreksel uit die Gekonsolideerde Resultate (Verwys na Aanhangsel 'A'):

| | |
|---|---|
| • Totale Inkomste | R22 571 510 |
| • Totale Uitgawes | R27 583 292 |
| • Tekort | R(5 011 782) |
| • Ander inkomste en Belasting | R5 248 818 |
| • Netto Tekort / Surplus | R237 036 |
| Totale Bates | R44 978 203 |

## ONDERHOUD

Onderhoudswerk in die Oord word deur die nutsmanne onder leiding van mnr. Allan Birkett, verrig. Die span het gedurende die verslagperiode voortgegaan om die Oord se infrastruktuur en geboue in 'n goeie toestand te hou.

- **Gebarste pype**: Soos in vorige jare het gebarste munisipale- en besproeiingspype uitdagings gebied. Die instandhoudingspan het egter hierdie probleme doeltreffend geïdentifiseer en herstel.
- **Verfwerk**: Goeie vordering is gemaak met die verfprogram in die Oord. Veral 5de Laan en Simonslaan het gedurende die verslagperiode aandag geniet. Verskeie eenhede is ook op versoek van eienaars, en vir hul rekening, aan die binnekant geverf.
- **Vervanging van dakplate**: Die vervanging van deurgeroeste platdakplate met Cliploc-dakplate word stelselmatig voortgesit. Tydens dakvervangings word ook aandag geskenk aan isolering en die herstel van foutiewe waterpype. Daarbenewens is verskeie dakke skoongemaak met roeswerende verf wat die lewensduur van plate aansienlik verleng.
- **Plaveiselwerk**: Herstel- en opgraderingswerk aan plaveisel is by verskeie eenhede uitgevoer. Daar is ook op verskeie gemeenskaplike areas nuwe plaveisel geplaas.
- **Besproeiing**: Verskeie pompe is gedurende die verslagperiode herstel. Pompe en filters by die tenk- en besproeiingsaanlegte word gereeld skoongemaak en, waar nodig, vervang. Twee addisionele watertenks is aangekoop, wat die bergingskapasiteit van die reservoir aansienlik sal verhoog en die Oord se waterbestuur verder sal versterk.

## TUINE

Die tuine word deur die tuinspan onder leiding van mnr. Donovan Hewitt onderhou. Die span lewer steeds uitstekende werk om die Oord se netjiese en aantreklike voorkoms te handhaaf.

- **Tuinwerk en grassny**: Die gevestigde roetine van een week tuinwerk afgewissel met een week grassny is suksesvol voortgesit. Nuwe werksareas is aan tuinpersoneel toegeken, wat merkbare verbeterings in die gehalte van onderhoud tot gevolg gehad het.
- **Damme en strome**: Die damme en waterlope word gereeld skoongemaak en netjies gehou.
- **Grensheining**: Die gebied langs die grensheining rondom die Oord is gesnoei, skoongemaak en waar nodig met onkruiddoder behandel.
- **Onkruidbeheer**: Gereelde bespuiting van plaveisel, sypaadjies en ander areas word gedoen om onkruidgroei effektief te beheer.

- **Klubhuis en gemeenskaplike tuine**: Die Klubhuis se binne- en buite-omgewing word uitstekend onderhou. Nuwe plante word aangekoop soos benodig, en die ingangstuin sowel as die tuine van die Hulpsorgwoonstelle vertoon netjies en goed versorg.
- **Heinings, bome en struike**: Gereelde snoeiwerk word gedoen om die netjiese voorkoms van die Oord te handhaaf. Loffels word voortdurend versorg en skoongemaak, en waar toepaslik word grondbedekking wat minder onderhoud vereis, aangeplant.

## SEKURITEIT

Geen ernstige sekuriteitsinsidente is gedurende die verslagperiode in die Oord aangemeld nie. Die sekuriteitspersoneel, onder leiding van mnr. Thando Makapela, tree professioneel op, is vriendelik teenoor inwoners en besoekers en verrig ook hul pligte op 'n bekwame wyse.

Die goeie samewerking met ADT, wat die Van Riebeeckshof-gebied bedien, word gehandhaaf en dra by tot die veiligheid van die Oord.

Die netwerk van sekuriteitskameras rondom die Oord funksioneer doeltreffend en word deurlopend gemonitor en nagegaan om optimale werking en dekking te verseker.

Die Trustees spreek hul waardering uit teenoor die sekuriteitspan vir hul waaksaamheid en toegewyde diens, wat bydra tot die veilige en rustige leefomgewing wat inwoners geniet.

## SPYSENIERING

Die Spysenieringsvergadering kom een keer per maand bymekaar om die standaard van die etes of enige ander probleme te bespreek. Die kombuis word nog steeds deur WPC bedryf. Me Vanessa Edwards is die bestuurder.

Alle funksies insluitend Valentynsdag, Moedersdag, Jaareind-funksie, Trustee braai en enige ander funksies word in samewerking met die kombuis, die kantoor en die eetkamer personeel gedoen. Daar word ook privaat geleenthede soos verjaardae en begrafnisse op dieselfde manier gereël.

Hartlike dank aan al die rolspelers wat alles so vlot laat verloop, die kantoor, kombuis en eetkamer personeel, almal het bygedra tot 'n suksesvolle 2025/2026

'n Spesiale woord van dank en waardering word oorgedra aan die volgende persone wat die Raad en subkomitees in hul take bygestaan het:

## SOSIALE KOMITEE

Dina Vleggaar: Voorsitter
Louise van der Merwe (Finansies)
Yvonne Burrow
Hanna Janse van Vuuren
Amanda van der Merwe
Mabel Venter

**SOSIAAL**

Die afgelope jaar van 2025 weereens vir die Sosiale Komitee 'n suksesvolle jaar met verskillende funksies,

In Maart het ons 49 inwoners na die pragtige Postcard restaurant in Stellenbosch geneem waar ons skons en tee/koffie geniet het.

'n Funksie is in die eetsaal gehou vir 90 jariges en ouer. Almal het dit baie geniet.

In Junie was daar 'n stokperdjie-oggend. Dit was 'n fees vir die oog. Ons inwoners is voorwaar 'n kreatiewe groep wat hulle handewerk kom uitstal het. Pannekoek en tee en koffie is bedien. Ideaal vir 'n koue wintersoggend.

Dan was daar ook in Augustus Bingo met heerlike sop en broodjies.

In Oktober om lente te vier is 'n gesellige tee met heerlike eetgoed gehou. En die jaar is weereens afgesluit met die hoogtepunt van die jaar, die Kersete.
Op 14 Februarie was die jaarlikse Valentynsete wat altyd goed bygewoon word.

Drie van die komiteelede is gegroet aan die einde van die jaar. Baie dankie aan Henriette, wat as voorsitter vir baie jare haar plek volgestaan het. En dan ook aan Marita de Wet en Frances Loubser, vir jare het julle vir alles reggestaan. Julle sal gemis word. Geniet die aftrede.
Die komitee hoop dat die komende funksie, Bingo-aand, in groot getalle sal bywoon word asook alle daaropvolgende funksies vir 2026.

Ander:

- Lorette Brink en Vanessa Edwards-Stoman van die diensverskaffer WPC.
- Thando Makapela, die spanleier van Imvula Sekuriteit.
- Me Vena Crisswell, me Estelle Myburg, me Anni Tregoning en me Ena Botha (oorlede 4 Maart 2026) vir dienste in die biblioteek gelewer.
- Me Elza Beekman vir dienste in die tuine gelewer.
- Me Yvonne Burrow (Hoofkroegdame vanaf Januarie 2024), David en Marthie Ball, Sue Bayly, André Behr, Beryl Bell, Hannie de Vries, Valerie Koen, Gerry en Sally Pypers, (Gerry oorlede 1 Desember 2025) Marianne Rabie, Peter en Bedia Rieger, Retha van den Berg en Maggie Venter vir dienste in die Klubhuis en kroeg gelewer.
- Dr Malcolm de Roubaix vir dienste rakende kultuur- en musiekgeleenthede gelewer.

**Kommunikasie met lede**

Kommunikasie met lede vind op deurlopende basis plaas by wyse van rondskrywes, maandelikse Gazette en groep-sms-boodskappe sowel as deur middel van whatsApp-groepe.

**Personeel**

Gedurende die verslagperiode het die Bestuurder en personeel weereens 'n waardevolle diens aan die inwoners gelewer. Die Raad van Trustees wil graag langs hierdie weg sy dank en waardering aan die personeel oordra vir die nougesetheid en gewilligheid waarmee die dienste gelewer is.

W F VAN DER MERWE
VOORSITTER
RAAD VAN TRUSTEES
10 JUNIE 2026

F VLEGGAAR
ONDER-VOORSITTER
RAAD VAN TRUSTEES
10 JUNIE 2026